Graad 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

EKSEMPLAAR

VRAESTEL 3

November 2014

PUNTE: 100
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (deur bv. die gebruik van 'n breinkaart / diagram / vloeidiagram / sleutel woorde, ens), redigeer en proeflees. Die planning moet voor elke teks verskyn.

VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **<u>Kan</u>** só lyk  Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en ingehandig word. Dit is raadsaam om 'n streep te trek deur die beplanning.
7. Jy word sterk aangeraai om jou tyd met die beantwoording van elke afdeling as volg te verdeel:
   70 minute aan Afdeling A
   30 minute aan Afdeling B
   20 minute aan Afdeling C.

AFDELING A: OPSTEL
VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 150 – 200 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1. Skryf 'n opstel oor die volgende tema.

Eers het ek gedink…

OF

1.2. Skryf 'n opstel oor jou vriende.

My vriende…

Dink aan die volgende:

- Wie jou vriende is.
- Wat jy en jou vriende doen.
- Wat jou vriende spesiaal maak.
- Hoe julle vriende geword het.

OF

1.3. **Ek wens dat elke Suid-Afrikaner net wil…**

OF

1.4.

Ek haat…

OF

1.5.

Tienerpartytjies

Die voordele en nadele.

OF

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6. 1.

OF

1.6. 2.



OF

1.6. 3.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE
VRAAG 2

• Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1. Jou ouers het gesê jy kan by jou ouma en oupa gaan kuier in die Desembervakansie. Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan om jou grootouers om hulle die goeie nuus te gee.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help:

- Die datum waarop jy by hulle sal aankom.
- Reëlings oor vervoer.
- Wat jy alles by hulle wil doen.
- Hoe jy daaroor voel.

OF

2.2. Jy en jou broer/suster het so pas 'n film gekyk wat julle albei baie graag wou sien. Skryf 'n DIALOOG waarin jy en jou broer / suster oor die film praat. Skryf oor dinge soos:

- Die karakters in die film.
- Wat gebeur het in die film.
- Waarvan jy gehou het / nie gehou het nie.
- Wat jy geleer het van die film.

OF

2.3. Skryf 'n MUSIEKRESENSIE oor 'n CD waarna jy geluister het. Onthou om dinge in te sluit soos:

- Die naam van die CD.
- Die datum van uitreiking, die produksiemaatskappy en prys.
- Die sanger/s.
- Wat jy van die CD dink.
- 'n Punt uit 10.

OF

2.4. Een van jou gunsteling familielede het gesterf en jy is gevra om 'n iets te sê gedurende die begrafnis. Skryf 'n HULDEBLYK oor die familielid. Dink aan dinge soos:

- Die familieverband tussen jou en die oorledene.
- Wat die familielid vir jou beteken het.
- Wat die familielid in sy/haar lewe bereik het.
- Spesiale dinge wat jy kan onthou van die familielid.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: TRANSAKSIONELE (NASLAAN- EN INFORMATIEWE) TEKSTE
VRAAG 3

• Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1. Julle gemeenskap wil ‘n Lentedag Vlooimark in ‘n park in julle omgewing hou en jy het aangebied om dit te adverteer. Ontwerp ‘n ADVERTENSIE-PLAKKAAT wat jy in julle area kan opsit. Die plakkaat moet die volgende hê:

- Datum, tyd en plek.
- Koste van ‘n stalletjie. (Hoeveel mense moet betaal wat ‘n stalletjie wil hê.)
- Toegangsgeld. (Hoeveel die mense wat die vlooimark wil besoek, gaan betaal.)
- Illustrasies. (Tel nie vir punte nie)
- Addisionele informasie soos spesifieke kosstalletjies, gaskunstenaars, kompetisies, ander aktiwiteite (veral vir kinders), ens.

OF

3.2. Jou vriend / vriendin moet jou by jou tannie se huis onmoet omdat julle van daar af na die skool toe gaan vir ekstra lesse. Skryf ‘n SMS in KORREKTE Afrikaans aan jou vriend / vriendin en gee hom / haar duidelike INSTRUKSIES oor hoe om by jou tannie se huis uit te kom.
Hou die volgende in gedagte:

- Die beginpunt waarvandaan die persoon moet vertrek.
- Naamborde / Plekke waarvoor die persoon moet uitkyk.
- Waar die persoon moet links of regs draai of reguit moet gaan.
- Die name van die strate.
- Distansies in meters of kilometers wat jou vriend moet ry.
- Die eindbestemmming.

OF

3.3. Jy het so pas die liefde van jou lewe ontwmoet. Doen ‘n DAGBOEKINSKRYWING oor jou gevoelens.
Dink aan dinge soos:

- Waar jy hom/haar ontmoet het.
- Wat jou laat besef het die persoon is “die een vir jou”..
- Dinge wat julle twee in gemeen het.
- Karaktereienskappe van jou geliefde.
- Die emosies wat jy ervaar.

TOTAAL AFDELING C: 20

VRAESTEL TOTAAL - 100